

20

ONS LOOF DIE HERE Dis lekker om die Here te dien

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet wat om in die erediens te doen.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat hulle –

- erediens toe kom om te hoor hoe lief God hulle het.
- uit liefde vir God erediens toe kom.
- in die erediens hul verhouding met God kom versterk.
- erediens toe kom om hul verhouding met mekaar te versterk.
- erediens toe kom om God te prys, aanbid en dien.

Gesindheid

Die kinders moet graag erediens toe wil kom.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- die redes op te noem waarom hulle erediens toe gaan.
- die betekenis van enkele eredienselemente te verduidelik.
- te vertel hoe hulle aan die verskillende dele van die erediens moet deelneem.

MEER INLIGTING (Handelinge 20: 7; Lukas 4: 16)

Die volk van die Here, die Israëliete, het gereeld in die tempel bymekaar gekom. Ons lees

in Lukas 4: 16 dat Jesus gewoon was daaraan om elke sabbatdag tempel toe te gaan. Die eerste Christelike gemeente het elke dag by die tempel bymekaar gekom. Baie vroeg in die eerste Christelike gemeentes het dit die gebruik van die Christene geword om elke sabbatdag bymekaar te kom. Tot vandag toe glo ons dit is die wil van die Here dat sy kinders elke Sondag bymekaar kom. Ons kom in die kerkgebou bymekaar omdat dit 'n gebou is wat spesiaal ingerig is vir die Sondagbyeenkoms van die gemeente. Ons noem hierdie byeenkoms 'n erediens. Ons glo dat dit wat in die erediens gebeur, die manier is waarop gelowiges die Here en mekaar ontmoet.

Ons glo dat die Here in die erediens met ons praat deur die Bybel wat op verskillende maniere aan ons oorgedra word. In die erediens kry ons ook die geleentheid om vir die Here dankie te sê vir alles wat Hy vir ons doen. Ons doen dit met gebed, sang en belydenis.

Die erediens het verskillende dele. Hierdie dele kan op verskillende plekke voorkom en ons kan op verskillende maniere daaraan deelneem.

Vorbereiding

Voor die erediens kom ons stemmig die kerk binne en neem ons sitplekke in. Terwyl ons wag dat die diens moet begin, kan ons uit die Bybel of die Liedboek lees. Ons kan ook saggies bid en veral vir die Here vra om die erediens vir ons sinvol te maak. Terwyl die gemeente die kerkgebou binnekom, kom die dominees en die kerkraad in die konsistorie bymekaar. Hulle praat oor belangrike sake van die gemeente en een van hulle bid en vra die Here om met die predikante en almal in die erediens te wees. Die predikant praat van die preekstoel af omdat die mense hom of haar dan beter kan sien en hoor.

Toetreelied

Om die gemeente in die regte stemming te bring, kan 'n toetreelied gesing word. Ons moet altyd met oorgawe saamsing en dink aan wat die woorde beteken. Hierdie is nog nie die amptelike begin van die erediens nie.

Votum en aanvangseën

Hierdie is die amptelike opening van die erediens. Deur die dominee praat God heel eerste deur 'n Bybelteks waarmee Hy vir sy kinders sê hoe lief Hy hulle het en hoeveel Hy vir hulle omgee. Met een of twee hande wat uitgesteek is, groet die dominee na die votum namens God die gemeente met 'n seën.

Sang

Omdat die Here hulle geseën en gegroet het, is die gemeente so bly dat hulle van vreugde opspring en 'n loflied sing. Ons sing ook op verskillende ander plekke in die erediens. Met ons sang aanbid, *prys* en *dank* ons die Here. Met sang *bely* ons ons sonde voor Hom, ons *vra* vir vergifnis en ons *bid* vir versorging. Ons moet na die beste van ons vermoë saamsing en die woorde van die lied ons eie woorde uit ons hart maak. Ons moet altyd probeer verstaan wat die woorde van die lied vir ons wil sê.

Wetlesing

As die wet net na die lofsang gelees word, leer dit ons wat reg en verkeerd is. As ons die tien gebooi hoor, weet ons ons het oortree, ons is skuldig. Die wet het ook 'n tweede funksie, as dit na die preek en die geloofsbelydenis gelees word: Dan leer dit ons wat ons uit dankbaarheid vir ons versorging en verlossing moet gaan doen. Die wet word in die erediens gewoonlik deur

'n ouderling voorgelees. Net soos met die prediking, moet ons aandagtig luister en gaan doen wat die Here in sy wet van ons vra.

Skuldbelydenisse

As die wet ons na die lofsang leer wat reg en verkeerd is, kom ons altyd agter dat ons gesondig het en verkeerde dinge gedoen het. Dan bely ons ons skuld. Ons doen dit gewoonlik met 'n lied.

Genadeverkondiging

God is altyd genadig as ons skuld bely, as ons sê ons is jammer. Hy belowe ons dat Hy ons sal vergewe as ons in Hom glo.

Geloofsbelydenis

Daarom volg die geloofsbelydenis nou. Die Bybel leer ons om ons geloof te bely. Dit beteken eintlik ons sê wat ons glo. Ons moet die geloofsbelydenis saggies saam opsê. 'n Ouderling lees gewoonlik die geloofsbelydenis in die erediens. Van die vroegste tyd af gebruik die kerk twee belydenisse om geloof in die erediens te bely. Dit is die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Niceense Geloofsbelydenis.

Skriflesing en prediking

Dit is vir ons die belangrikste deel van die erediens. In die Bybel leer ons wie God is en wat Hy van ons verlang. Die predikant lees uit die Bybel, dit is die Skriflesing, en verklaar of verduidelik wat hy of sy gelees het. Ons noem dit preek. Ons moet ons Bybel saambring na die erediens en in ons Bybels volg as die predikant lees. Ons moet stil en aandagtig luister as die predikant preek. Na afloop van die erediens moet ons gaan doen wat die predikant vir ons gepreek het.

As ons die wet gebruik om ons te leer wat ons uit dankbaarheid vir ons versorging en verlossing moet gaan doen, kom die geloofsbelydenis net na die preek. Dan veronderstel ons dat God se genade in die preek aan ons verkondig is en dat ons dan nou bely: Ons glo dit.

As ons glo, moet ons uit dankbaarheid ons geloof gaan uitleef. Hoe? Soos dit in die tien gebooue staan. As ons dus die wet gebruik om ons te leer wat ons uit dankbaarheid vir ons versorging en verlossing moet gaan doen, word dit na die geloofsbelydenis gelees.

Gebed

Tydens die erediens bid die predikant vir en namens die gemeente. Met ons gebede in die erediens prys ons God, dank ons God, vra ons van God en bely ons ons sonde. Ons staan of sit as ons bid. Ons moet in ons harte saam met die predikant bid.

Die seën

Aan die einde van die diens spreek die predikant weer die seën met uitgestrekte hande uit. Dit is die formele afsluiting van die erediens. Weer eens is dit die Here wat ons belowe dat Hy saam met ons gaan en ons wil seën met alles wat ons doen.

Dankoffer

Wanneer ons die kerkgebou verlaat, gooi ons geld in die sakkie wat 'n diaken by die deur vashou. Met hierdie geld sê ons dankie vir alles wat die Here vir ons doen.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Reël weer met die predikant om te help met die aanbieding van die les.
- Gee die inhoud van die les vir die predikant.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 163 as gebed of sing dit saam.

*Soos 'n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in u teenwoordigheid wil ek wag.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat hulle hul prente wys wat hulle geteken het oor –
 - wat God vir hulle doen.
 - wat hulle vir God doen.
 - wat hulle vir ander mense doen.
- Kontroleer of hulle kan onthou wat die belangrikste is wat die Bybel ons leer.
 - God is lief vir my.
 - Ek moet lief wees vir God.
 - Ek moet lief wees vir ander mense.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Skoolvakansie is baie lekker. Ons kan laat slaap en hoef nie kerk toe te gaan nie. Laat die kinders kortliks hieroor praat. Wys hulle daarop dat die Here dit anders wil hê. Jesus het elke sabbatdag “kerk” toe gegaan. Die eerste Christene het elke sabbatdag bymekaar gekom om “erediens” te hou. In die Bybel leer ons ons moenie van die gemeente se samekomste wegbly nie (Hebreërs 10). Eintlik is siekte en dood die enigste geldige verskonings om op Sondag van die erediens af weg te bly.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en kry jouself op die hoogte van hoe 'n erediens aanmekaar gesit word. Al daardie inligting word nie met die kinders gedeel nie. Laat die predikant met die kinders gesels oor die verloop van 'n erediens, of verduidelik kortliks die inhoud daarvan soos volg aan die kinders:

'n Erediens is die geleentheid waar ons kan sê God en sy kinders kuier by mekaar. In die erediens praat ons en God met mekaar. Hy praat en ons antwoord, of ons praat en Hy antwoord.

- Heel eerste praat God met ons met die *votum en seën* – Hy belowe om goed vir ons te wees, en Hy seën ons.
- Ons is so bly daarvoor dat ons met 'n *lofsang* antwoord.
- God praat met ons wanneer Hy sy reëls, *die wet*, vir ons gee.
- Ons kom agter ons het daardie reëls oortree en *bely ons skuld* as ons sê ons is jammer.
- God sê Hy *vergewe* ons as ons belowe dat ons in Hom glo.
- Ons *bely ons geloof* om te bevestig dat ons regtig glo.
- God praat weer met ons met die *Skriflesing en die preek*.
- Ons antwoord met *gebed en sang* om vir God dankie te sê vir die goeie nuus wat ons gehoor het oor ons verlossing.
- God *seën* ons weer aan die einde voor ons huis toe gaan.
- Ons is dankbaar en gee ons *dankoffer*.
- Ons gaan huis toe en *leef tot eer van die Here*.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by hulle in:

- In die Ou Testament het die mense gereeld tempel toe gegaan.
- In Lukas 4: 16 lees ons dat Jesus elke sabbatdag kerkplek toe gegaan het.
- Die eerste gemeente het elke dag by die tempel bymekaar gekom.
- Die eerste Christene het elke sabbatdag bymekaar gekom.
- Ons noem 'n byeenkoms waar Christene die Here dien 'n erediens.
- Dit wat in die erediens gebeur, is hoe gelowiges die Here en mekaar ontmoet.
- In die erediens praat die Here met ons deur die Bybel.
- In die erediens praat ons met die Here met gebed, sang en belydenis.
- Ons moet aktief deelneem tydens gebed, sang en belydenis.

IETS OM TE DOEN

- Die volgende verloop van die erediens is deurmekaar gegooi in die kinders se boeke. Laat hulle met die syfers 1 tot 11 die korrekte verloop in hul boeke aandui. Help hulle indien nodig.
 - Heel eerste praat God met ons met die *votum en seën* – Hy belowe om goed vir ons te wees, en Hy seën ons. (1)
 - Ons is so bly oor sy belofte en seën dat ons met 'n *lofsang* antwoord. (2)
 - God praat met ons wanneer Hy sy reëls, *die wet*, vir ons gee. (3)
 - Ons kom agter ons het daardie reëls oortree en *bely ons skuld* as ons sê ons is jammer. (4)
 - God sê Hy *vergewe* ons as ons belowe dat ons in Hom glo. (5)
 - Ons *bely ons geloof* om te bevestig dat ons regtig glo. (6)
 - God praat weer met ons met die *Skriflesing en die preek*. (7)
 - Ons antwoord met *gebed en sang* om vir God dankie te sê vir die goeie nuus wat ons gehoor het oor ons verlossing. (8)
 - God *seën* ons weer aan die einde voor ons huis toe gaan. (9)
 - Ons is dankbaar en gee ons *dankoffer*. (10)
 - Ons gaan huis toe en *leef tot eer van die Here*. (11)

- In die kind se boek is dit alfabeties maar deurmekaar. Die nommers moet soos volg wees:

j = 1, d = 2, k = 3, e = 4, b = 5, c = 6, f = 7, g = 8, a = 9, h = 10, i = 11

- a) God seën ons weer aan die einde voor ons huis toe gaan. (9)
- b) God sê Hy *vergewe* ons as ons belowe dat ons in Hom glo. (5)
- c) Ons *bely ons geloof* om te bevestig dat ons regtig glo. (6)
- d) Ons is so bly oor sy belofte en seën dat ons met 'n *lofsang* antwoord. (2)
- e) Ons kom agter ons het daardie reëls oortree en *bely ons skuld* as ons sê ons is jammer. (4)
- f) God praat weer met ons met die *Skriflesing en die preek*. (7)
- g) Ons antwoord met *gebed en sang* om vir God dankie te sê vir die goeie nuus wat ons gehoor het oor ons verlossing. (8)
- h) Ons is dankbaar en gee ons *dankoffer*. (10)
- i) Ons gaan huis toe en *leef tot eer van die Here*. (11)
- j) Heel eerste praat God met ons met die *votum en seën* – Hy belowe om goed vir ons te wees, en Hy seën ons. (1)
- k) God praat met ons wanneer Hy sy reëls, *die wet*, vir ons gee. (3)

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle vir hul ouers gaan vertel wat hulle geleer het oor die verloop van 'n erediens. Hulle moet veral klem daarop gaan lê dat ons en God by mekaar “kuier” – ons en God “gesels” met mekaar.
- Laat hulle ook gesels oor die redes waarom ons erediens toe moet gaan.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die redes waarom gelowiges gereeld erediens toe gaan, is die volgende:
 - In die Ou Testament het die mense gereeld tempel toe gegaan.
 - In Lukas 4: 16 lees ons dat Jesus elke sabbatdag kerkplek toe gegaan het.
 - Die eerste gemeente het elke dag by die tempel bymekaar gekom.
 - Die eerste Christene het elke sabbatdag bymekaar gekom.
- Ons noem 'n byeenkoms waar Christene die Here dien 'n erediens.
- In die erediens, met die Skriflesing en preek, praat die Here met ons deur die Bybel.
- In die erediens praat ons met die Here met gebed, sang en belydenis.
- Ons moet aktief deelneem tydens die gebed, sang en belydenis.

AFSLUITING

Die predikant sluit af met gebed.